Kanjanji Orphan Project

His heart, His hands, His little children

No. 86 – 15 June 2013

Dear friends and family!

Although it is now winter in the southern hemisphere the days are pleasantly warm and even very hot some days. The grass and the trees look like it is winter here and you cannot believe that the surrounding landscape could be so dry near one of the biggest rivers in Africa, the Zambezi.

Projects and personal

We have moved to Kono Mulimo, the new OM base in Barotseland, a few days ago, even before old mr Kafuko finished the building works. Everything is not finished yet and we are now very happy about the years of DIY experience which we gained in the UK because everything has to be done by ourselves from the welding of window frames to the installation of toilets. In the meantime Benjamin is very happy about his tent and on the picture you can see us doing bible study around the fire in the morning before the running around of the day starts. Vincent, the lay pastor of one of the local churches, is helping mr. Kafuko while Benjamin is moulding bricks and cooking food for them.

We have had some very difficult times with the pumping of water from the river in the last couple of weeks. The petrol water pump we have is not strong enough to get the water thirty metres up to the storage tank so Lourie got an old submersible pump and with a lot of trouble and help from Livingstone we managed to get it running. One of the big frustrations is the fact that out here in the middle of Africa you do not have the luxury of having a repair shop just around the next corner. Our new power generator which is only a few months old has broken down twice already and is now being repaired for the third time, in Livingstone which is 250 kilometres from us. We are now down to a small replacement generator which is very, very noisy and not very reliable either.

Our new dwelling at Kono Mulimu

Devotions at Benjamin's living quarters.

Liewe vriende en familie!

Al is dit nou die middel van die winter en al het 'n ou darem 'n warm dingetjie soggens nodig beleef ons baie warm dae, selfs so warm dat 'n ou maar 'n koelteboom verkies as die son hoog sit. Die veld is maar vaal en 'n ou kan nie glo dat dit so droog kan wees teenaan een van die grootste riviere in Afrika nie.

Projekte en persoonlik

Ons het so paar dae gelede hier by Kono Mulimo, die nuwe basis vir OM (Operation Mobilisation) in Barotseland ingetrek nog voordat ou mr. Kafuko klaar was met die bouery en dit is maar nog steeds onklaar en baie basies. Ons is nou baie bly oor die jare se selfdoenondervinding, wat ons in Engeland opgedoen het want hier moet alles maar self gedoen word, van die sweis van vensterrame tot die installering van toilette. Intussen is Benjamin baie gelukkig met sy tent en links is ons besig met bybelstudie om die vuurtjie voordat ons met die dagtake begin. Vincent, die plaaslike lekeprediker, is mr Kafuko se hulp met die bouery terwyl Benjamin stene maak en ook sommer vir hulle kos kook.

Ons het 'n paar moeilike weke van sukkel met die pomp van water uit die rivier agter die rug. Ons petrolwaterpomp is nie sterk genoeg om die water tot bo in die tenk te kry nie en Lourie het toe 'n ou dompelpomp nader getrek en met 'n groot gesukkel en raad soek in Livingstone die spulletjie aan die gang gekry. 'n Baie groot frustrasie is die feit dat daar nie sommer net 'n meganiese werkswinkel om die draai is nie. Die nuwe kragopwekker, wat krag voorsien aan die dompelpomp en wat net 'n paar maande oud is en al twee maal gebreek het, is nou vir die derde maal in vir herstelwerk en Livingstone is nie net om die draai nie; dis 250km ver. Ons hou maar asems op want tans is ons met 'n klein plaasvervanger doenig wat 'n vreeslike geraas maak!

Kelvin, one of our children is doing OM's discipleship training in Kabwe at the moment. Bless him, he has such a close relationship with God and he also left a void at school where he helped some of the children with extra mathematics tuition.

We provided uniforms for twenty one of orphans at school and the picture shows them trying the uniforms. Many of them have never had a uniform before and there are still a number of children without. Many thanks to those of you who have contributed towards this! With Gisela on the picture is mrs. Siawapa, the deputy headmaster of the local school who is also the liaison officer for orphans at the school. Most of these children do not have jumpers (jerseys) either and when we asked about the school's colour code for jerseys she said the children wear what they have, colour is not important. We still had some sweat suit tops from the St. Dunstan school in Cheam, England and the picture shows the smiles on their faces. It is still heart breaking to see and experience the dire poverty over here!

Prayer requests:

- † Please pray for the new orphans on the programme.
- † We thank God for all your prayers and support in the difficult times we had.
- † Please join us in prayer for good health and protection.
- † Please join us in prayer for the work amongst the Lozi tribe and for the outreach groups coming to visit soon.

Please follow us on Facebook or visit our web site:
www.kanjanji.com

Blessings from Africa!

Lourie and Gisela

childrensvillage@kanjanji.com / **www.kanjanji.com**
www.facebook.com/Kanjanji
✉ P.O. Box 5, Sesheke, Zambia

Lourie busy installing the "donkey".

New clothes for orphans

Kelvin, een van ons kinders, het vertrek om OM (Operation Mobilisation) se drie maande dissipelskapkursus in Kabwe te doen. Sy naby verhouding met die Here is aansteeklik en ons mis hom nogal. Hy het ook 'n groot leemte by die plaaslike skooltjie gelos waar hy ekstra wiskundeklasse aangebied het.

Ons het vir 21 van die baie weeskinders by die plaaslike skooltjie uniformpies gekry en hier op die foto is hulle met die aanpassery besig. Baie van hulle het nog nooit 'n uniform gehad het nie en daar is nog verskeie ander wat nie een het nie! Baie dankie vir die van julle wat bygedra het om dit moontlik te maak! Saam met my op die foto is die onderhoof van die skooltjie, mev Siawapa, wat die saakgelastigde vir weeskinders by die skool is. Toe ons vra na die kleur van die skool se truitjies, was haar antwoord dat ons maar self kan besluit, want hulle dra maar wat hulle het en dit is AS hulle truie het! Soos jul kan sien, het ons nog 'n paar sweetpaktoppies gehad van die St Dunstan skool in Cheam, Engeland, en die kinders was hoogs in hul noppies. Dit breek 'n mens se hart om die vreeslike armoede te sien wat hier om ons heers.

Gebedsversoeke:

- † Bid asb. saam vir die nuwe wesies.
- † Ons sê weer dankie vir al die gebede en ondersteuning in die moeilike tyd wat ons deur is.
- † Bid asb saam vir ons gesondheid en beskerming.
- † Bid asb. saam vir die werk wat ons doen hier onder die Lozi stam en vir die uitreikgroepe wat eersdaags gaan opdaag.

Volg ons asb op Facebook of besoek ons webwerf
www.kanjanji.com

Seën uit Afrika

Gisela en Lourie

childrensvillage@kanjanji.com / **www.kanjanji.com**
www.facebook.com/Kanjanji
✉ P.O. Box 5, Sesheke, Zambië